# Les 5 Die evangelie in die Bybel.

## 1. Jesus Christus het self die evangelie die eerste keer bekend gemaak.

Jesus Christus het self die eerste keer die evangelie aan sy dissipels bekend gemaak. In die Evangelies Matteus, Markus en Lukas lees ons dat die Here dit drie keer gedoen het.

Die evangelie is nie iets wat die apostels na Jesus se dood self uitgedink het nie. Jesus het self vir sy dissipels die hele tyd wat Hy saam met hulle was die evangelie geleer. Die evangelie is Jesus se eie woorde oor Homself. Jesus is die Skepper wat mens geword het. Hierdie woorde van Jesus oor Homself is regtig die woorde van God in mense-taal: woorde wat Hy aan sy dissipels gegee het en hulle aan die kerk.

Wat het Jesus oor homself geleer ?

Kom ons kyk na die drie kere wat die Here die vir sy dissipels geleer het!

### Die eerste bekendmaking van die evangelie.

Lukas 9:18 -21. "18 Op 'n keer terwyl Jesus eenkant besig was om te bid, het sy dissipels by Hom saamgekom. Toe vra Hy hulle: "Wie, sê die mense, is Ek?" 19 Hulle antwoord: "Johannes die Doper; party sê weer: Elia, en party: 'n profeet van die ou tyd het opgestaan." 20 "Maar julle," het Hy gevra, "wie, sê julle, is Ek?" Toe antwoord Petrus: "Die Gesalfde van God." 21 Jesus het hulle uitdruklik belet om dit vir ander mense te vertel, 22 "want," het Hy gesê, "die Seun van die mens moet baie ly, deur die familiehoofde, priesterhoofde en skrifgeleerdes verwerp word, en Hy moet doodgemaak word, en op die derde dag opgewek word.""

Uit hierdie eerste gesprek tussen Jesus en sy dissipels is dit duidelik dat Jesus van vroeg af aan sy dissipels geleer het waaroor gaan die evangelie.

**Die evangelie**

1. Hy is die Christus, die Gesalfde van God.
2. Hy is die seun van die mens.
3. Hy moet in Jerusalem ly en verwerp word.
4. Hy moet doodgemaak word.
5. Hy moet op die derde dag uit die dood opgewek word.

### Die tweede bekendmaking van die evangelie.

In Lukas 9:44 word dit 'n tweede keer so gestel: "44 Terwyl almal verbaas was oor alles wat Jesus gedoen het, sê Hy vir sy dissipels: "Wat julle betref, hou hierdie woorde goed in gedagte: Die Seun van die mens gaan in die hande van mense oorgelewer word.""

### Die derde bekendmaking van die evangelie.

In Lukas 19: 31 word dit 'n derde keer so herhaal: " 31 Jesus het die twaalf opsy geneem en vir hulle gesê: "Kyk, ons gaan nou Jerusalem toe, en alles wat die profete oor die Seun van die mens geskryf het, sal daar bewaarheid word. 32 Hy sal uitgelewer word aan die heidene; Hy sal bespot en beledig word; hulle sal op Hom spoeg, 33 Hom gesel en Hom daarna doodmaak. En op die derde dag sal Hy uit die dood opstaan." 34 Maar van hierdie dinge het hulle niks begryp nie. Die woorde was vir hulle duister, en hulle het nie verstaan waaroor Hy praat nie."

Uit hierdie tweed en derde keer wat die Here die evangelie bekend maak, wys die Here weer waaroor die evangelie gaan.

**Die evangelie**

Les 5 Die evangelie in die Bybel.

1. Jesus wat uitgelewer word aan Pontius Pilatus.
2. Jesus wat ly.
3. Jesus wat doodgemaak word.
4. Jesus wat op die derde dag op uit die dood uit opstaan.

Wat baie belangrik is om die Bybel reg te kan lees, is om raak te sien dat Jesus se dissipels nooit die evangelie geglo het wanneer Jesus dit vir hulle gewys het nie. Dit was eers nadat Jesus uit die dood uit opgestaan het, dat hulle die evangelie geglo het.

Na sy dood het Jesus aan sy dissipels bevestig dat hierdie woorde oor Hom die evangelie is. Hierdie woorde oor Jesus is die boodskap wat die dissipels kry om aan alle nasies te gaan verkondig. Dit is volgens Jesus self – die evangelie: "[44] Daarna sê Hy vir hulle: "Dit is die betekenis van die woorde wat Ek vir julle gesê het toe Ek nog by julle was, naamlik dat alles vervul moet word wat in die wet van Moses en in die profete en psalms oor My geskrywe is." [45] Toe open Hy hulle verstand om die Skrif te verstaan. [46] Verder sê Hy vir hulle: "So staan daar geskrywe: 'Die Christus moet ly en op die derde dag uit die dood opstaan, [47] en in sy Naam moet bekering en vergewing van sondes aan al die nasies verkondig word, van Jerusalem af en verder.' [48] Julle is getuies van hierdie dinge." (Lukas 24:44-49)

Sien julle wanneer het hulle die evangelie vir die eerste keer geglo? Kyk weer na vers 45. Eers toe Hy na sy opstanding uit die dood vir hulle weer die evangelie wys, het hulle die evangelie geglo. Eers toe het die here hulle oë geopen om die evangelie te verstaan.

**2. Nog 'n gedeelte waar Paulus wys wat is die evangelie.**
Verlede keer het ons gekyk na Romeine 1. Kom ons kyk nou hoe Paulus in die brief wat hy aan die gemeente in Griekeland, Korinthe, wys wat is die evangelie.

1 <u>**Korintiërs 15:1 tot 11.**</u>
"Ek herinner julle, broers, aan die evangelie wat ek aan julle verkondig het en wat julle ontvang het en waarin julle ook gevestig staan. [2] Deur dié evangelie word julle ook gered as julle vashou aan die boodskap soos ek dit aan julle verkondig het. As julle aan iets anders vashou, het julle tevergeefs tot geloof gekom. [3] Die belangrikste wat ek aan julle oorgelewer het en wat ek ook ontvang het, is dit: Christus het vir ons sondes gesterf, volgens die Skrifte; [4] Hy is begrawe en op die derde dag opgewek, volgens die Skrifte. [5] Hy het aan Sefas verskyn, daarna aan die twaalf, [6] en daarna aan meer as vyf honderd broers tegelyk, van wie sommige al dood is maar die meeste nou nog lewe. [7] Daarna het Hy aan Jakobus verskyn en toe aan al die apostels. [8] Heel laaste het Hy ook aan my, die ontydig geborene, verskyn. [9] Ek is immers die geringste van die apostels en is nie werd om 'n apostel genoem te word nie, omdat ek die kerk van God vervolg het. [10] Maar deur die genade van God is ek wat ek is. Sy genade aan my was nie tevergeefs nie; inteendeel, ek het harder gewerk as hulle almal; eintlik was dit nie ek nie, maar die genade van God wat by my is. [11] In elk geval, of dit ek is of hulle-dit is wat ons verkondig, en dit is wat julle geglo het."

Vers 1.
Paulus herinner hulle aan die evangelie se hoofinhoud. Paulus het die inhoud van hierdie evangelie aan hulle presies gepreek soos hy dit self weer gehoor het.

Vers 2
Mense word deur die evangelie gered. Hulle moet die evangelie glo soos dit deur die apostels gepreek word. As mense aan iets anders glo as die evangelie of iets anders doen as in die evangelie glo – word hulle nie gered nie.

Vers 3

Les 5 Die evangelie in die Bybel.

Die belangrikste dele van die evangelie is:
1. Jesus Christus het vir ons sonde gesterwe.
Vers 4
2. Jesus is begrawe.
3. Jesus is op die derde dag opgewek uit die dood.
Vers 5 – 8
4. Jesus het uit die Hemel aan hulle verskyn.
Vers 11
5. Dit is dié evangelie wat gepreek en geglo word.

**Die evangelie volgens hierdie gedeelte is:**
Jesus het vir ons sondes gesterwe.
Jesus is begrawe.
Jesus is op die derde dag opgewek uit die dood.
Jesus het uit die hemel aan hulle verskyn.
Mense word net gered deur die evangelie te glo.

3. **Die eerste preek wat op aarde wat oor die evangelie gegaan het.**

Die Here het sy dissipels se oë oopgemaak sodat hulle kon sien wat is die evangelie en die evangelie kon glo. Toe het die Here hulle die opdrag gegee om die evangelie aan alle mense op aarde te gaan preek. In die boek Handelinge in die Bybel kry ons die heel eerste preek waarin die dissipels die evangelie gepreek het. Dit is Petrus wat eerste hier die evangelie gepreek het. Die boek Handelinge wys ons hoe hierdie evangelie net soos Petrus dit hier preek dan al verder en der oor die aarde gepreek word.

Kom ons luister na hierdie eerste preek wat oor die Jesus gepreek was en dan kyk julle of julle die evangelie kan hoor!

"22 "Israeliete, luister na hierdie woorde! God het Jesus van Nasaret aan julle bekend gestel deur die kragtige
dade, die wonders en die tekens wat God Hom by julle laat doen het. Daarvan weet julle self. 23 God het besluit
en dit vooruit bepaal om Hom aan julle uit te lewer, en julle het Hom deur heidene aan die kruis laat spyker en
Hom doodgemaak. 24 Maar God het Hom van die smarte van die dood verlos en Hom uit die dood laat opstaan.
Dit was immers vir die dood onmoontlik om Hom gevange te hou. 25 Van Hom sê Dawid: Ek het die Here altyd
voor oë. Hy is aan my regterhand; ek sal nie wankel nie. 26 Daarom is my hart bly en my tong jubel, ja meer, ek
het die verwagting dat my liggaam sal lewe, 27 want U sal my nie aan die doderyk oorlaat nie; U sal nie toelaat
dat u troue dienaar vergaan nie. 28 U het my die paaie van die lewe geleer; u teenwoordigheid sal my met
vreugde vul. 29 "Broers, wat ons voorvader Dawid betref, moet ek dit vir julle duidelik stel: Hy het gesterwe en
is begrawe, en sy graf is nou nog hier by ons. 30 Maar hy was 'n profeet en hy het geweet dat God met 'n eed aan
hom belowe het dat een van sy nakomelinge op sy troon sou sit. 31 Daarom het hy die opstanding van die
Christus vooruit gesien en gesê: Hy is nie aan die doderyk oorgelaat nie, en sy liggaam het nie vergaan nie. 32
God het hierdie Jesus uit die dood laat opstaan; daarvan is ons almal getuies. 33 Hy is verhoog aan die regterhand
van God en Hy het die Heilige Gees wat belowe is, van die Vader ontvang en uitgestort. Dit is wat julle nou sien
en hoor. 34 Dawid het nie na die hemel toe opgevaar nie, en tog sê hy: Die Here het vir my Here gesê: Sit aan my
regterhand 35 totdat Ek jou vyande aan jou onderwerp het. 36 Die hele Israel moet nou vas en seker weet: God het
hierdie Jesus, wat julle gekruisig het, Here en Christus gemaak!""

Kom ons maak weer 'n opsomming van die evangelie uit hierdie preek.
Vers 22
God (die Vader) het Jesus aan Israel bekend gestel.
Vers 23
Die inhoud van die bekendstelling behels die volgende:

Les 5 Die evangelie in die Bybel.

1. Jesus is uitgelewer (aan Pontius Pilatus).
2. Jesus is gekruisig.
3. Jesus het gesterf.

Vers 24 -29
4. Jesus was is die smarte van die dood (ter helle neergedaal).
5. God het Jesus uit die dood laat opstaan.

Vers 30 – 34
6. Jesus is verhoog aan die regterhand van God.
7. Jesus het die Heilige Gees aan die kerk gegee.
8. Jesus het na die Hemel opgevaar, nie Dawid nie.
9. Jesus sit aan die regterhand van God, nie Dawid nie.

Vers 36
10. Jesus is Here en Christus.

**4. Die groot verandering.**
Kan julle die groot verandering sien wat nou hier gebeur het?

Toe Jesus die eerste keer die evangelie bekend gemaak het, was Petrus woedend vir Jesus en het Hy met Hom geraas. Kyk hoe beskryf die evangelie Matteus dit in Matteus 16: “22 Petrus het Hom opsy geneem en Hom begin berispe: “Mag God dit verhoed, Here! Dit sal beslis nie met U gebeur nie.” 23 Maar Jesus het na Petrus toe gedraai en vir hom gesê: “Moenie in my pad staan nie, Satan! Jy is vir my ’n struikelblok, want jy dink nie aan wat God wil hê nie, maar wat aan die mense wil hê.”

Wanneer Petrus vir die Here sê: “Mag God dit verhoed”. Dan sê hy vir Here dat god sal keer dat Jesus vir mense se sonde sal ly, gekruisig sal word, sal sterf en uit die dood uit opstaan. Kan julle sien hoe erg is dit? Petrus verwerp die evangelie en glo God sal die evangelie keer om te gebeur. Daarom sê die Here vir Petrus hy dink nie aan wat God wil hê nie. God wil die evangelie hê, maar Petrus verwerp God se evangelie.

En wat gebeur hier nou in Handelinge hoofstuk 2? Hier preek Petrus nou die evangelie wat hy eers tot en met die Here se opstanding uit die dood verwerp het. Dit is die groot verandering! Hy het eers die evangelie nie geglo nie en verwerp. Nou glo hy die evangelie en preek hy die evangelie.

Hierdie evangelie:
1. Jesus is uitgelewer (aan Pontius Pilatus).
2. Jesus is gekruisig.
3. Jesus het gesterf.
4. Jesus was is die smarte van die dood (ter helle neergedaal).
5. God het Jesus uit die dood laat opstaan.
6. Jesus is verhoog aan die regterhand van God.
7. Jesus het die Heilige Gees aan die kerk gegee.
8. Jesus het na die Hemel opgevaar, nie Dawid nie.
9. Jesus sit aan die regterhand van God, nie Dawid nie.
10. Jesus is Here en Christus.